# Beheerde brande nou algemeen

Van bladsy 5

helling (bo of onder) en die steilte van die helling. Oor die algemeen word die terugbrandmetode toegepas. Die windrigting word bepaal en as dit gepas is vir die spesifieke veld, word die vuur teen die wind aangesteek. Daar word al langs die brandpad aangesteek tot die terugbrand ver genoeg teruggebrand het in die veld wat gebrand moet word. Nou eers word daar saam met die wind aangesteek sodat die vuur in die rigting van die gebrande veld brand. Die bogenoemde is uiters vereenvoudig en moet daar nooit gebrand word as die grondeienaar nie die nodige ondervinding het nie.

Wade noem ten slotte: *"Ons het oor die afgelope twee jaar amper weekliks grondeienaars in die Hessequa-distrik met beheerde brande gehelp. Ons het 'n toegewyde brandspan met goeie ondervinding wat grondeienaars graag help met beheerde brande. Tydens beheerde brande word meeste toerusting deur die SCFPA voorsien. SCFPA-lede kry voorkeur met die uitvoer van beheerde brande".*

* Vir meer inligting oor aansoek om lidmaatskap of beheerde brandkwotasies, kontak die SCFPA Riversdal kantoor by 028 713 1987 of epos scfpa.riversdale@gmail.com



'n Beheerde brand. *Foto's: Charl Wade.*



Skoon gebrand.

# Program oor brandbewusmaking

HESSEQUA – **Hessequa rampbestuur, in samewerking met Working on Fire (WOF), asook Eden brandweer gaan van 7 tot 9 Oktober 'n brandbewusmakingsprogram aanbied.**

Die program sal daagliks om 15:00 in Albertinia, Melkhoutfontein en Heidelberg aangebied word. Toegang is gratis.

Volgens mnr. Frikkie Muller van Hessequa rampbestuur sal die program op 7 Oktober in Albertinia in die Theronsville saal aangebied word, op 8 Oktober in Melkhoutfontein en op 9 Oktober in Heidelberg in die Duiwenhoks gemeenskapsaal. Muller noem aan ***Suid-Kaap FORUM*** dat die doel van die program is om volwassenes en kinders bewus te maak van veld- en huisbrande. *"Die kinders word apart van die volwassenes hanteer. Die ander dorpe sal in 'n later stadium aan die beu kom".*

## IN SHORT

Hessequa Disaster Management in con junction with Working on Fire (WOF) wi be hosting a Fire Awareness Programm from 7 till 9 October. This will take plac daily at 15:00 in Albertinia, Melkhoutfor tein and Heidelberg. Entrance is free. Th programme will take place in Albertinia o 7 October in the Theronsville hall, on 8 Oc tober in Melkhoutfontein and on 9 Octobe in Heidelberg in the Theronsville hall. Chi dren and adults will take part in the pr gramme seperately and other towns in th region will be visited at a later stage.